

**Die vierdaagse Tjokkaroete voer jou al langs die kus van Oesterbaai na Port St. Francis. Hierdie pragtige roete laat jou sommer weer mens voel, vertel Esti Stewart.**

**N**ick Borman van die Oyster Bay Beach Lodge het ons by Oesterbaai met padkos ingewag. Hoe vroeër jy by hom aankom, hoe beter.

Die eerste skof van die Tjokkaroete is net 7 km, en as jy dit vroeg aanpak, het jy baie tyd wat jy lullekker by Thysbaai kan deurbring.

Al is dit 'n heen-en-weer-stappie langs die kus, is wat jy sien met die gaan, totaal anders as wat jy met die terugkeer sien – veral wanneer die son begin sak en die mooi nóg mooier word.

Ons eerste bonus het sommer by die eerste gety-poel gewag. Hier was 'n otter onbewus van sy nuwe aanhangers.

Daarna is haastig by 'n ongemerkte graf en 'n paar vissershuisies verbygestap, want ons wou seker maak ons kom by die Khoi-San-visfuike uit voordat die gety draai.

Die heen-en-weer-roete het ons terug tot by Nick gevoer. Die heerlikste see-kospotjie is later as aandete voorgesit.

Die volgende oggend het ons baie vroeg gewikkel, want ons wou die Sandrivier probeer kafdraf voor die warmste deel van die dag. Van draf het nie veel gekom nie – dit is te mooi!

'n Sandsee strek voor jou uit met die bloue Baviaanskloofberge noord en beloftes van see aan die suidekant.

Jy weet hier was nog min mense. En jy weet jou voetspore hou ook net tot die volgende aanslag van die westewind, dan is dit weer ongerep.

Die Sandrivier is letterlik 'n rivier van sand gemaak. Wanneer jy St. Francis begin sien, moet jy links hou om te kom by die deel waar die water deur die sand sypel en begin vloei.

Ons vervoer het by die Sandrivierbrug gewag nadat dit ons 'n goeie ses uur gekos het om die Sandrivier te oorwin.

'n Heerlike middag in die Kaap St. Francis-vakansieoord het op ons gewag. Voor aandete het ons in die swembad afgekoel, en 'n paar bittereinders het die dorpie verken.


Ná 'n heerlike ontbyt die volgende oggend het die oord se bussie ons by Mostertshoek gaan aflaai. Daar wag 'n walvis en haar kalfie ons toe in.

Die roete deur Mostertshoek se paar wydversprei-




'n See van sand. Dit is wat op jou wag op 'n deel van die Tjokkaroete in die omgewing van Kaap St. Francis. Foto's: ESTI STEWART

# Groet 'n otter op die Tjokka-staproete



Só lyk dit by Thysfontein. Op die staproete is hier 'n walvis met haar kalfie gesien.



Die einde is by die 19de putjie in sig. Die roete eindig by die golfbaan van Kaap St. Francis.

## Vir navrae en besprekings

Daar is seker min staproetes wat by 'n gholfklub eindig. Die Tjokkaroete is wel so 'n een.

Die St. Francis Links se voetpaadjies deur inheemse woude, fynbos en lentebloem word op die vierde en laaste dag verken voor 'n besoek aan die gholfspelers se klubhuis.

Die Tjokkaroete is beslis een van die land se mees uiteenlopende roetes. Daar

is afwisseling tussen rivier en oseaan, woud en woestyn. Die natuur is ongerep en die staproete keurig ontwikkel. Die afsonderlike roetes kan ook as dagstap-ge doen word.

Die roete is in Desember gesluit.

● **Besoek [www.chokkatrail.co.za](http://www.chokkatrail.co.za) vir meer inligting en besprekings, of stuur e-pos na [info@chokkatrail.co.za](mailto:info@chokkatrail.co.za).**

wyn-rehabilitasiesentrum is 'n moet. Wilna Wilken-son het tyd gemaak om aan ons die proses te verduidelik, al kon sy en haar span vrywilligers skaars tee drink. Daar was heelparty pasiënte wat lyk of hulle altyd honger is.

Kaap St. Francis se pragtige strand was sag op die voet. Nadat ons die laaste duin oor is, het Port St. Francis voor ons gelê.

Die Port is die enigste werkende hawe in private besit en is hoofsaaklik die tuiste van tjokkabote, wat snags met baie helder ligte gesien kan word terwyl die vissermanne *Loligo*



**Die eerste skof van die Tjokkaroete is net 7 km.**

*vulgaris*, oftewel inkvis, met handlyne uittrek.

In die volksmond staan die inkvis as tjokka bekend, maar wanneer dit in ringetjies gesny en met sorg berei is en op jou bord beland, is dit calamari. Die stapgroep is toe getrakteer op 'n calamari-proe in die drie restan-

te in die hawe. Daarna was almal maar taamlik traag om die laaste stukkie pad tot by die museum en die ekosentrum aan te pak.

James Jooste het ons ook op 'n rustige vaart op St. Francis se bekende kanale geneem.

Op die vierde oggend het Brian ons weer met sy boot aan die Krommerivier se oewer gaan aflaai. Ons het toe gestap na die Sandriviermond, wat 'n voëlpardys is, voordat ons by die klubhuis van die gholfklub geëindig het.

● **Esti Stewart is 'n vryskut-skrywer van Kaap St. Francis.**

de vakansiehuisies slinger deur fynbos, rotse en strandjies, en alte gou sien

ons die Kaap St. Francis-vuurtoring in die verte. 'n Besoek aan die pikke-